# DEFENCE FUND

## VERBOD

Die Volksblad

13/66

# Geswore vyand van S.A.

Politieke Beriggewer

PRETORIA

**D**IE DEFENCE AND AID FUND is deur die Staatspresident tot 'n onwettige organisasie verklaar ingevolge die Wet op die Onderdrukking van die Kommuniste. 'n Proklamasie in dié verband het vandag in die Staatskoerant verskyn.

In 'n persverklaring sê die Minister van Justisie, adv. B. J. Vorster, onder meer dat die Defence and Aid Fund in Suid-Afrika deur die kommuniste gestig is. Die Fund het sy geld beskikbaar gestel aan die African National Congress (A.N.C.) en die Kommunistiese Party — twee ondermynende liggame wat reeds verbode organisasies in Suid-Afrika is.

Die Fund bevoeg hom ook om sosiale, ekonomiese en politieke veranderinge in die Republiek te bewerkstellig selfs ten koste van die gebruik van geweld as middel om die doel te bereik.

Volgens die verklaring is die Defence and Aid Fund in 1956 in Brittanje gestig deur Christian Action, 'n groep wat tans die African National Congress Movement for Campaign for Freedom of Africa Bureau en die African National Movement of Oorland ondersteun.

saamgesnoerde bedrywighede van al hierdie liggame gekenmerk deur geswore en heftige vyandigheid teenoor Suid-Afrika.

### Berug

Die Britse Defence and Aid Fund van Christian Action maak deel uit van 'n netwerk van kommunistiese sentrum ineengeestigde organisasies in Brittanje wat betrokke is vanweë die vyur waarmee hulle Suid-Afrika beveg. Hierdie organisasies word deur die Kommunistiese Party gestuur en het verskeie prominente ampdragners wat voorstaande Kommuniste is.

Belokende Kommuniste soos Wella Elay, Rosalind Ainslee, Abdul Minty, Ronald Segal en Raymond Kunene dien as direkteur van die African National Congress Movement wat verbind is met Christian Action, 'n dié steun gee aan die Britse Kommunistiese Party.

Die voorsitter van die Christian Action is dominee Collins Sibus. Hy het op 19 Februarie 1963 'n brief aan Walle Sibus geskryf waarin hy die persoonlike aanspreekpunt is op aanklagte van sabotasie en samewerkings om die regering deur middel van geweld en geweldlose onverhoedse optrede te vernietig.

In dié brief is wat Max Mowbray, ynk van die Rivonia-verhoor van 1964

gedien het, het dominee Collins Sibus inbegreep dat Solly Sachs, 'n geleerde Suid-Afrikaanse kommunist, 'n beheer was van die insameling van geld het behoeve van Christian Action se Defence and Aid Fund. Hy het onder meer geskryf: „Ons sal sekerlik alles in ons vermoë doen om te bly help tot al die bevrydingsbeweging in 'n doel geslaag het.”

### Hoogverraad

Die Defence and Aid Fund in Suid-Afrika is tans 'n aktiewe werksaamheid van die Treason Trial Defence Fund om te probeer uit te bou. Lenny Goede, fonds se oorspronklike stigter, om die regskoste te dek van 'n groep persone wat op aanklagte van hoogverraad verskyn het. Die fonds is betrokke op dieselfde tydstip gestig deur die Christian Action met die Defence and Aid Fund in Brittanje begin het.

Die Defence and Aid Fund van Suid-Afrika het 'n doelstelling om hulp te verleen aan persone wat 'n suksesvolle gevolg van vermeende verhoor van ineensteegte of huijerske bedroef of die vyur van geswore vyand of andersins geskied. Die fonds het takke in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth, Durban en Oos-Londen.

Oud-hoofman Albert Lutshiza en Allen Payton is onder die bestaande persone.

(6)

AANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES  
VAN THE DEFENCE AND AID FUND.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf  
(b) van subartikel (1) van artikel drie van die  
Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950  
(Wet No. 44 van 1950), wys ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER,  
Minister van Justisie, u aan as beredderaar van die bates  
van The Defence and Aid Fund.

Gegee onder my Hand te *Pretoria* op hierdie *18de*  
dag van *Maart* 1966.

*B. J. VORSTER*  
MINISTER VAN JUSTISIE.

AAN: DAVID PETRUS WILCOCKS,  
D/a DIE LANDDROS,  
PRETORIA.

DECLASSIFIED

1/333/30/1

Afskrif vir 2/2/13

SEKRETARIS VAN JUSTISIE,

PRIVAATSAK 81,

PRETORIA.

18 -3- 1966

Landdros D.P. Wilcocks,  
p/a DIE LANDDROS VAN PRETORIA.

Geagte landdros Wilcocks,

Insake: AANWYSING AS BEREDDERAAR.

Ek wens u mee te deel dat Sy Edele die  
Minister u as beredderaar van die bates van  
The Defence and Aid Fund aangewys het.

u Afskrif van u aanstellingsdokument is  
aangeheg.

Die uwe,

T. B. WORSTER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

18 -3- 1966

GEHEIM.

DIE LANDDROS VAN PRETORIA.

Afskrif vir u inligting. Geliewe die  
meegaande brief aan landdros Wilcocks te  
oorhandig.

T. B. WORSTER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

H/P.

Afskrif vir u inligting.

18 -3- 1966

T. B. WORSTER

DECLASSIFIED

**DECLASSIFIED**

Afskrif vir 2/2/13.

1/333/30/1

SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
PRIVAATSAK 81,  
PRETORIA.

GEHEIM.

18 -3- 1966

Die Kommissaris van die  
Suid-Afrikaanse Polisie,  
Privaatsak 302,  
PRETORIA.

AANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES VAN  
THE DEFENCE AND AID FUND: U NO. S.13/155  
VOL.6 VAN 4 FEBRUARIE 1966.

Ek wens u mee te deel dat Sy Edele die Minister van  
Justisie landdros D.F. Wilcocks as beredderaar van die  
bates van The Defence and Aid Fund aangewys het. n  
Afskrif van die nodige aanstellingsdokument is vir u  
inligting aangeheg.

G. J. J. VAN DEVENTER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

**DECLASSIFIED**

DECLASSIFIED

33495

SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
VERITASGEBOU,  
PRIVAATSAK 81,  
PRETORIA.

GEHEIM.

18-3-1966

Die Posmeester-generaal,  
PRETORIA.

POSTSTUKKE GEADRESSEER AAN THE DEFENCE AND AID FUND.

1. Ingevolge Proklamasie No. R77, 1966 in Staatskoerant No. 1402 van 18 Maart 1966 is die organisasie bekend as "The Defence and Aid Fund" deur die Staatspresident kragtens subartikel (2) van artikel twee van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950) tot 'n onwettige organisasie verklaar.
2. Dit het Sy Edele die Minister van Justisie behaag om my aan te wys as beredderaar van die onwettige organisasie se bates.
3. Luidens sub-artikel (11) van artikel vier van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme "(word) die beredderaar gemagtig om enige mededeling wat aan 'n onwettige organisasie of aan 'n ampsdraer of beampte daarvan as sulks geadresseer is, in ontvangs te neem en te behou, en die Posmeester-generaal moet, as die beredderaar hom versoek om dit te doen, alle aldus geadresseerde posstukke aan die beredderaar laat aflewer".
4. Geliewe alle posstukke wat aan hierdie onwettige organisasie, of aan enige ampsdraer of beampte as sulks geadresseer is aan my by die adres hierbo vermeld te laat aflewer.

*D. P. M. M. M.*

BEREDDERAAR: WET 44 VAN 1950.

DECLASSIFIED



9

9

Resolutions passed at a meeting of representatives from all branches of the South African Defence and Aid Fund held on Sunday, 1st August 1965 in Cape Town.

---

1. It was resolved that because the aims of the Defence and Aid Fund in South Africa differs from the aims of the Defence and Aid Fund in London, the former will hence forward be named "THE SOUTH AFRICAN DEFENCE AND AID FUND". Letterheads and banking accounts are to be changed accordingly.
2. It was agreed that the sole purpose of the South African Defence and Aid Fund is to provide defence.
3. It was agreed that a central office of the Fund should be retained to receive funds and to distribute them to all the branches.
4. It was resolved that the National Headquarters should be removed from Johannesburg to Cape Town. Headquarters are to be transferred by either the 16th of the 31st of August.
5. It was resolved that all branches are to have their books audited up till the 30th June, 1965.
6. It was agreed that the Cape Town and Johannesburg committees should continue without electing a chairman.
7. It was resolved that the Fund shall not pay the cost of bringing defence witnesses, who are in custody, to court in criminal cases, as there is provision in the Act for the State to do so. This rule must be adhered to, except in cases where it proves cheaper and the circumstances dictate that it is a better decision to bring the witnesses at the cost of Defence and Aid. However, once the magistrate has been informed that the client will not pay for the escort of witnesses, the Fund is abide by this decision.
8. It was agreed that the Constitution is not to be changed until legal opinion has been taken.

DECLASSIFIED

33495

SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
VERITASGEBOU,  
PRIVAATSAK 81,  
PRETORIA.

GEHEIM.

118 -8- 88)

Die Posmeester-generaal,  
PRETORIA.

POSTSTUKKE GEADRESSEER AAN THE DEFENCE AND AID FUND.

1. Ingevolge Proklamasie No. R77, 1966 in Staatskoerant No. 1402 van 18 Maart 1966 is die organisasie bekend as "The Defence and Aid Fund" deur die Staatspresident kragtens subartikel (2) van artikel twee van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950) tot 'n onwettige organisasie verklaar.
2. Dit het Sy Edele die Minister van Justisie behaag om my aan te wys as beredderaar van die onwettige organisasie se bates.
3. Luidens sub-artikel (11) van artikel vier van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme "(word) die beredderaar gemagtig om enige mededeling wat aan 'n onwettige organisasie of aan 'n ampsdraer of beampte daarvan as sulks geadresseer is, in ontvangs te neem en te behou, en die Posmeester-generaal moet, as die beredderaar hom versoek om dit te doen, alle aldus geadresseerde posstukke aan die beredderaar laat aflewer".
4. Geliewe alle posstukke wat aan hierdie onwettige organisasie, of aan enige ampsdraer of beampte as sulks geadresseer is aan my by die adres hierbo vermeld te laat aflewer.

*D.P. Wilcocks*

BEREDDERAAR: WET 44 VAN 1950.

DECLASSIFIED

AANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES  
VAN THE DEFENCE AND AID FUND.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf  
(b) van subartikel (1) van artikel drie van die  
Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950  
(Wet No. 44 van 1950), wys ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER,  
Minister van Justisie, u aan as beredderaar van die bates  
van The Defence and Aid Fund.

Gegee onder my Hand te *Pretoria* op hierdie *18de*  
dag van *Maart* 1966.

*B. J. VORSTER*  
MINISTER VAN JUSTISIE.

AAN: DAVID PETRUS WILCOCKS,  
p/a DIE LANDEBOS,  
PRETORIA.

PERSEVERKLARING DEUR DIE MINISTER VAN  
JUSTISIE.

In sekere seksies van die pers is aangevoer dat aangesien die Defence and Aid Fund in die ban gedoen is, daar nou 'n plig op die Staat rus om in die sogenaamde "politieke" sake vir die aangeklaagdes 'n verdediging te betaal. Afgesien daarvan dat daar geen regverdiging voor bestaan om te onderskei tussen "politieke" oortredings en ander soorte oortredings nie (omdat sulke vergrype ook misdade in die ware sin van die woord is) rus daar natuurlik nie so 'n plig op die Staat nie behalwe wat betref halfmisdade waarvoor daar, met die oog op die absolute finaliteit wat 'n doelvonnis kan meebring, spesiale voorsiening gemaak is. Die Staat is egter bereid om, soos hy trouens reeds gedoen het, sekere fasiliteite beskikbaar te stel en dienste te lewer om te verseker dat behoeftige aangeklaagdes seker meentlik dieselfde voorregte geniet as aangeklaagdes wat regsbystand kan bekostig. Die Staat het ook geen beswaar daarteen dat ander reëlings vir die verdediging van beskuldigdes getref word nie, intendeel, sulke reëlings word allerweë verwalken, ander anders omdat dit sowel die Hof as die staatsaanklaer se taak aansienlik vergemaklik en die beskuldigde verdedig word. Gevolglik sou ek ook nie teen die Defence and Aid Fund beswaar gehad het nie mits dit sy eerlike en enigste oogmerk was om persone in die houe te laat verdedig en hy nie, soos ek reeds in 'n ander perseverklaring aangedui het, sintlik beoog het om 'n sosiale, ekonomiese en politieke verandering in die Republiek te bewerkstellig nie en dit selfs ten koste van die gebruik van geweld.

/.....2.

Indien die ondersteuners van die Defence and Aid Fund eerlik is met hulle bewerings dat hulle die fondse werklik net vir die verdediging van aangeklaagdes beskikbaar stel, nooi ek hulle uit om die geld by die Wetsverenigings in te betaal. Ek is oortuig daarvan dat die Verenigings bereid sal wees om met behulp van die Regshulpburo's of andersins toe te sien dat regsbystand teen billike vergoeding in gepaste gevalle verleen word. Ek sal ook geen beswaar opper as so 'n fonds deur 'n ander liggaam geadministreer word nie, met dien verstande natuurlik dat alles op 'n bona fide basis geskied en sonder bykomstige politieke of ander oogmerke.

Ek is meegedeel dat party opdragte wat deur die "Fund" voor sy onwettigverklaring uitgereik is aan advokate om namens aangeklaagdes of veroordeeldes by hul verhoor of op appél te verskyn, nog nie uitgevoer is nie of slegs gedeeltelik uitgevoer is. Ek het die versoeking van die Bereëderaar dat myn fondse beskikbaar en die eise met betrekking tot voormelde opdragte billik is hulle betaal sal word.

Die "Fund" het ook beweer dat hy in die behoeftes van politieke misdadigers so afhanklikes voorsien. Ook hier kan ek nie sien waarom die afhanklikes van sulke misdadigers in 'n bevoorrigte posisie moet wees nie maar afgesien hiervan wil ek daarop wys dat die Departement van Volkswelsyn buitendien om sien na die afhanklikes van veroordeeldes. Indien die tydperk van gevangenisstraf ses maande oorskry word selfs kontant-toelae maandeliks aan voormelde afhanklikes betaal. Verder is daar sekere welnsorgorganisasies wat diesulkes help. Hoofsaak is egter dat dit nie nodig is om spesiale maatreëls met betrekking

/s/

tot saboteurs se afhanklikes te tref nie tensy jy in der  
waarheid beoog om, soos Domheer Collins dit onomwonde voor  
n Komitee van die Verenigde Volke gestel het, "die moraal  
van die binnelandse weerstand (teen die wettige Regering)  
te bevorder".

18  
**DECLASSIFIED**

2/2/13

WNDE. SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
VERITASGEBOU,  
PRIVAATSAK B1,  
PRETORIA.

14 -3- 1966

GEHEIM.

Die Sekretaris van  
Buitelandse Sake,  
PRETORIA.

Insake: NEDERLANDSE REGERING SE GESKENK AAN DIE  
DEFENCE AND AID FUND: U NO. 126/53 VAN  
9 DESEMBER 1965.

Die Departement wens oor die volgende aspekte van  
mar. Snellen se memorandum kommentaar te lewer:-

1.1 Die bewering dat gratis regsbystand nie aan min-  
vermoënde sogenaamde "politieke" oortreders verskaf word  
nie is van alle waarheid ontbloot. In die verband kan  
daar net kortliks gelet word op die voorsiening wat reeds  
gemaak is vir die verskaffing van gratis regsbystand aan  
minvermoënde in die Republiek.

1.2 Sedert Maart 1963 funksioneer daar 'n skema vir gratis  
regsbystand wat deur die Departement van Justisie in  
samenwerking met die regsprofessie georganiseer is. Onder  
die skema word regsbystand deur prokureurs in die  
Republiek gratis aan alle minvermoënde persone binne die  
Republiek in beide kriminele (hetsy of dit 'n politieke  
oortreding is al dan nie) en siviele sake verskaf.

1.3 Afgesien van bogenoemde skema is daar ook voorsiening  
dat in kriminele sake waar die doodvonnis opgelê kan word  
(bv. moord, hoogverraad, verkragting en sabotasie) en waar  
die beskuldigde nie in staat is of nie bereid is om 'n  
regsvertegenwoordiger aan te stel nie, die Staat 'n advokaat  
vir hom uit die geleedere van die regsprofessie op 'n  
pro deo basis aanstel. So 'n advokaat word deur die Staat  
teen 'n vasgestelde tarief vergoed. In die verband kan  
daar net op gewys word dat die Staat tot die einde van  
November 1965 reeds in agt-en-veertig sabotasie verhore  
van sogenaamde "politieke" oortreders pro deo advokate  
aangestel het.

1.4 In een van bogenoemde gevalle is 'n advokaat pro deo  
aangestel om namens vier van die veertien beskuldigdes in  
'n sabotasieszaak te verskyn. Na afloop van die verhoor  
het sewe van die beskuldigdes appél aangeteken. Hulle  
fondse was egter uitgeput sodat hulle nie 'n advokaat kon  
bekostig om namens hulle by die appélverrigtinge op te  
tree nie. 'n Advokaat is toe vir die doel pro deo deur  
die Staat aangestel.

2/...

**DECLASSIFIED**

1.5 Afgesien van die voorsiening wat daar bestaan vir gratis regsbystand aan die minvermoënde oortreder, het die Staat ook voorsiening gemaak vir hulp aan sy afhanklikes indien hy n tydperk van gevangenisstraf moet ondergaan. Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene verleen hulp aan die afhanklikes van sodanige persone op die volgende basis:-

- (i) Indien die tydperk van gevangenisstraf ses maande oorskry en die afhanklikes nie in hulle eie behoeftes kan voorsien nie word maandelike kontant toelaes aan hulle betaal.
- (ii) Indien die tydperk van gevangenisstraf korter as ses maande is, voorsien genoemde Departement in die noodsaaklike lewensmiddele soos die betaling van huishuur en die aankoop van rantsone.

2.1 Die bewering dat die Algemene Regswysigingswet, 1963 (Wet No. 37 van 1963), en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), die bewyslas om sy onskuld te bewys op die beskuldigde plaas, is maar n voorbeeld van die verdraaide feite wat in die buiteland teen die Republiek versprei word.

2.2 By n oortreding van enige van die bepalings van genoemde twee wette rus die bewyslas soos in alle ander strafsake in die Republiek, op die Staat om die skuld van die beskuldigde bo alle redelike twyfel te bewys. Daar word wel in die twee wette soos dit ook die geval is met sommige wetgewing van ander lande, weerlegbare vermoedens geskep. In die verband kan gelet word op die bepalings van artikel 12 van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950). In enkele gevalle word die bewyslas aangaande n sekere feit in n saak op die beskuldigde geplaas. n Voorbeeld hiervan is artikel 11(b)ter van laasgenoemde Wet wat onder andere as volg bepaal:-

"Iemand wat in die Republiek woonagtig is ..... en in die Republiek of elders opleiding ontvang het... ..... wat van nut sou kon wees by die bevordering van die verwesenliking van enige van die oogmerke van kommunisme ..... en wat in gebreke bly om bo alle redelike twyfel te bewys dat hy nie sodanige opleiding ontvang het ..... met die doel om dit by die bevordering van die verwesenliking van so n oogmerk te gebruik of laat gebruik nie is aan n misdryf skuldig .....

2.3 Die Staat moet in hierdie geval nog bo alle redelike twyfel bewys dat die beskuldigde in die Republiek woon, dat hy opleiding ontvang het, dat sodanige opleiding van nut sou kon wees by die bevordering van die verwesenliking van enige van die oogmerke van kommunisme en slegs dan word daar van die beskuldigde verwag om te bewys dat die opleiding nie bedoel is vir die bevordering van die verwesenliking van die oogmerke van kommunisme nie. Hierdie artikel slaan eintlik op militêre opleiding.





1

DECLASSIFIED

- 3 -

3. Origens word u aandag gevestig op die inhoud van die meegaande feitverslag oor die Defence and Aid Fund wat met die goedkeuring van Sy Edels die Minister van Justisie aan u gestuur word. Die verslag moet asseblief as geheim behandel word hoewel dit u natuurlik vrystaan om van die inhoud gebruik te maak sonder om die bron te openbaar.

4. *Wns. J. P. G. Coetzer se naam  
gaan hierin verskyn.*

J. P. G. COETZER

WNS. SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.  
DEPARTMENT OF JUSTICE.

MEMO.

Bladsy  
Page

Meer. Munnig van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene deel mee dat die volgende voorsien bestaan was die vader van in gesin tot gevangenisstraf gevonnis is.

(i) Indien die termyn van die gevangenisstraf langer as 6 maande is, word die lede van die gesin op die volgende basis vergoed:-

Moeder - R28.00 per maand  
Die Kind - R10.00 per maand.

(ii) Indien die gevangenisstraf korter as ses maande is, voorsien die Departement in wat sy as "noedhulp" bestempel soos die betaling van huishuur en koop van rantsoene vir die gesin aan.

P. P. P.  
31.1.1966.

DECLASSIFIED

2/2/13

18 -2- 1966

BRNLIJ.

Die Sekretaris van  
Suidelands Sake,  
PRETORIA.

NEDERLANDSE REGERING SE GASKRIK AAN DIE DEFENCE  
AND AID FUND: U NO. 126/53 VAN 19 JANUARIE 1966.

Die aangeleentheid geniet nog aandag.

n Verdere mededeling sal binnekort aan u gerig word.

T. B. VORSTER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

*20/2/66*

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED



E.A. 42.

126/53

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE,  
DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS,

PRETORIA.

GEHEIM

19-7-1966

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

Nederlandse Regering se geskenk aan die  
"Defence and Aid Fund".

---

Met verwysing na diensbrief 126/53 van  
9 Desember 1965, verneem ek graag of u nou hierdie  
Departement van kommentaar oor mnr. Snellen se  
memorandum kan voorsien.

  
SEKRETARIS VAN BUITELANDSE SAKE.

GEHEIM

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

E.A. 42.

126/53.

11  
12/12/65  
K12  
13/12



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE,  
DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS,  
PRETORIA.

9-12-1965

GEHEIM

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE

Nederlandse Regering se geskenk aan die  
"Defence and Aid Fund."

Ek heg hierby 'n afskrif aan van diensbrief 8/6  
gedateer 26 November 1965, en bylae, ontvang van die  
Suid-Afrikaanse Ambassadeur te Den Haag. Die bylae is 'n  
afskrif van 'n studie deur 'n sekere mnr. Snellen oor die  
juridiese en volkeregtelike aspekte van die geskenk van  
die Nederlandse Regering aan die "Defence and Aid Fund."

Dit sal op prys gestel word indien u hierdie  
Departement van u kommentaar oor mnr. Snellen se memorandum  
sal voorsien. In die verband word u verwys na mnr. Snellen  
se gevolgtrekkings op bladsye 13 en 14 van die memorandum.

Dit sal op prys gestel word indien mnr. Snellen  
se memorandum aan hierdie Departement terugbesorg kan word.

W. de Klerk Wnde. SEKRETARIS VAN BUITELANDSE SAKE

GEHEIM

SK  
10/12/65  
10.12.65

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

2/2/13

WNDE. SEKRETARIS VAN JUSTISIE,

PRIVAATSAK 81,

PRETORIA.

14. 3. 1966

GEHEIM.

Die Sekretaris van Inligting,  
Privaatsak 152,  
PRETORIA.

VERKLARING TOT ONWETTIGE ORGANISASIE:  
"THE DEFENCE AND AID FUND".

1. Die Staatspresident het goedgekeur dat bogenoemde organisasie ingevolge paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel twee van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) by proklamasie in die Staatskoerant tot n onwettige organisasie verklaar word.
2. Sy Edele die Minister van Justisie het versoek dat u Departement genader word om gepaste inligting in verband met die stap en die organisasie aan die plaaslike sowel as die oorsese pers op die dag waarop die verbod van krag word, vry te stel. n Afskrif van n Feiteverslag wat aan die Minister in die verband voorgelê is, word vir u inligting aangeheg. Die Departement wil egter u aandag op die uiters vertroulike aard van die verslag vestig en versoek dat daar onder geen omstandighede na die verslag as die bron vanwaar u, u inligting bekom het, verwys moet word nie.
3. Dit sal waardeer word as in die verklaring wat u vrystel onder andere prominensie aan die huidige ampsdraers van dié organisasie en die tot-standkoming daarvan verleen sal word.
4. Die proklamasie waarin The Defence and Aid Fund tot onwettige organisasie verklaar word, sal in die Staatskoerant van 18 Maart 1966 verskyn en dit is van die uiterste belang dat die nodige verklaring deur u Departement op daardie datum vrygestel word maar nie vroeër nie.
5. U samewerking in die verband word op prys gestel.

J. P. J. COETZER  
WNDE. SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

DECLASSIFIED

PRESS STATEMENT ON BEHALF OF THE MINISTER  
OF JUSTICE

In a proclamation published in the Government Gazette today the State President declares the Defence and Aid Fund an unlawful organization in terms of the Suppression of Communism Act (Act No. 44 of 1950).

The Defence and Aid Fund in Britain was founded in 1956 by Christian Action, a body closely connected with the Movement for Colonial Freedom, the Africa Bureau and the Anti-Apartheid Movement. The co-ordinated activities of all these bodies over the years have been characterised by their avowed enmity and violent hostility towards South Africa.

The British-based Defence and Aid Fund of Christian Action is part of a network of extremist and closely inter-connected organisations in Britain noted for the vehemence of their hostility towards South Africa. These organisations are supported by the Communist Party and in some instances have prominent Communists among their office-bearers. In South Africa the Defence and Aid Fund is supported by the Communists and has made its finances available to the African National Congress and the Communist Party - both subversive bodies outlawed in terms of South African law.

Known Communists such as Vella Pillay, Rosalynde Ainslee, Abdul Minty, Ronald Segal, Raymond Kunene and Tony O'Dowd serve in the Executive Committee of the Anti-Apartheid Movement which is linked with Christian Action and enjoys the support of the British Communist Party.

President of Christian Action is Canon Collins whose letter of April 19, 1963 to Walter Sisulu, convicted on charges of sabotage and conspiracy to overthrow the Government by means of violence and revolution, served as an exhibit at the Rivonia Trial in 1964. In this letter Canon Collins informed Sisulu that Mr. Solly Sachs, a listed South African Communist, was in charge of fund-raising for Christian Action's Defence and Aid Fund. Canon Collins wrote:

"On my behalf he is now managing the appeal for the Defence and Aid Fund and I am glad to say there is, once again, a growing response. We shall certainly do everything we can to go on helping until the liberatio movement succeeds in its purpose".

/The .....2

The Defence and Aid Fund in South Africa was founded to take over and expand the activities of the Treason Trial Defence Fund, originally established to cover the costs of defending a group of persons who appeared on charges of treason. The Treason Trial Defence Fund came into being at about the same time that Christian Action founded the Defence and Aid Fund in Britain.

The Defence and Aid Fund in South Africa has as its purpose the granting of relief and assistance to persons who allegedly suffer as a result of loss of human rights and civil liberties, whether by process of law or otherwise. It has branches in Johannesburg, Cape Town, Port Elizabeth, East London and Durban. Among its sponsors are ex-Chief Albert Luthuli and Mr. Alan Paton.

The constitution of the South African body tends to create the impression that it is an independent organisation. However, there is sufficient evidence to prove that it is no more than a branch of the Defence and Aid Fund of Christian Action. The South African branch, for instance, has been instructed to arrange for all funds raised abroad to be channelled through the London office. According to a Defence and Aid report covering the years 1956-63 an amount of R502,647 had been raised for use in South Africa.

Writing in the Summer 1964 issue of the publication "Christian Action" Archbishop Joost de Hank surveyed the activities of the Defence and Aid Fund in South Africa and made the following comment: "It would be impossible to pay too high a tribute to the local Committee in South Africa".

The Defence and Aid Fund in South Africa is connected with the Communist Party.

In a sworn statement made on October 1, 1964, a member of the South African Communist Party declared: "The Defence and Aid Fund which was at this junction (sic.) already in existence was extensively used for the purposes of the South African Communist Party. In turn cash advances towards the Fund were made by the South African Communist Party. Who the persons were that served on this Fund's committee I do not know, except that Rica Hodgson who was in fact a member of the Communist Party was serving on this Funds's committee".

A self-confessed member of the South African Communist Party during August 1964 took charge of the funds of the Defence

/and Aid .....3



and Aid Fund in South Africa. Since that time a small portion of these funds was actually used for dependants of prisoners. The largest slice has been employed for the political activities of the outlawed African National Congress and the Communist Party. Salaries of officials of the Communist Party have also been paid from these funds.

The Defence and Aid Fund is striving to bring about social, economic and political change in the Republic of South Africa even at the cost of employing violence as a means to achieve this purpose.

Addressing the United Nations Special Committee on the Policies of Apartheid on June 7, 1965, Defence and Aid President, Canon Collins, lauded the United Nations for giving encouragement to the "victims of racialist policies" and to organisations such as the Defence and Aid Fund "in their efforts to relieve the oppressed and to bring about changes of policy". (UN Document A/AC 115/L 132 of June 9, 1965).

"I believe it would be wrong to suppose that the work done by the Defence and Aid Fund is no more than a palliative," he said. "I think that, as well as bringing aid to the persecuted victims of unjust legislation and oppressive and arbitrary procedures, and relief to their families and dependants - and that thoroughly worthwhile job we have done now for many years, and will continue to do until the non-Whites in South Africa are politically, socially and economically free men and women - the Defence and Aid Fund has played, and continues to play, a vital role in bringing about those political changes so desired by all the people of goodwill".

In the same speech Canon Collins stated that there is little if any likelihood of effecting the necessary political changes through normal and democratic internal political processes.

"In such a situation," he said, "it seems probable that only external pressures and the threat of execution of internal revolution will bring about the desired result. And of much importance in my opinion, is the fact that the contribution of Defence and Aid in this respect fosters the morale of the internal resistance."

Canon Collins concluded that he was encouraged in this opinion by the constant emphasis non-White political organisations in South Africa placed upon the importance of the Defence and Aid Fund in their struggle.

/Footnote.....4

FOOTNOTE:

In terms of section 17 of the Suppression of Communism Act the State President can only declare an organization as unlawful after the Minister of Justice has considered a factual report in relation to that organization made by a committee consisting of three persons appointed by the Minister, one of whom shall be a magistrate of a rank not lower than that of senior magistrate.)

-----  
Issued by:

Department of Information,  
Private Bag 152,  
PRETORIA.

March 18, 1966.

PERSVERKLARING NAMENS DIE MINISTER  
VAN JUSTISIE.

In 'n proklamasie wat vandag in die Staatskoerant verskyn, verklaar die Staatspresident die "Defence and Aid Fund" tot 'n onwettige organisasie ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (Wet No. 44 van 1950).

Die "Defence and Aid Fund" is in 1956 in Brittanje gestig deur "Christian Action", 'n liggaam wat ten nouste saamwerk met die "Movement for Colonial Freedom", die "Africa Bureau" en die "Anti-Apartheid Movement". Oor die jare is die saamgesnoerde bedrywighede van al hierdie liggame gekenmerk deur geswore en heftige vyandigheid teenoor Suid-Afrika.

Die Britse "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" maak deel uit van 'n netwerk van ekstremistiese en intiem-ineengestremde organisasies in Brittanje wat berug is vanweë die vuur waarmee hulle Suid-Afrika beveg. Hierdie organisasies word ondersteun deur die Kommunistiese Party en het in sommige gevalle ampsdraers wat vooraanstaande Kommuniste is. Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika word deur die Kommuniste ondersteun en het sy fondse beskikbaar gestel aan die "African National Congress" en die Kommunistiese Party - twee ondermynende liggame wat kragtens wet in Suid-Afrika verbode organisasies is.

Bekende Kommuniste soos Vella Pillay, Rosalynde Ainslee, Abdul Minty, Ronald Segal, Raymond Kunene en Tony O'Dowd dien op die bestuur van die "Anti-Apartheid Movement" wat verbind is met "Christian Action" en die steun geniet van die Britse Kommunistiese Party.

Die Voorsitter van "Christian Action" is Domheer Collins. Hy het op 19 April 1963 'n brief aan Walter Sisulu gerig wat as bewysstuk tydens die Rivonia-verhoor van 1964 gedien het. (Sisulu is een van die persone wat veroordeel is op aanklagte van sabotasie en sameswering om die Regering deur middel van

geweld en rewolusie omver te werp). In hierdie brief het Domheer Collins, Sisulu meegedeel dat mnr. Solly Sachs, n gelyste Suid-Afrikaanse Kommunis, in beheer was van insameling van fondse ten behoeve van "Christian Action" se "Defence and Aid Fund". Domheer Collins het geskryf:

"Hy behartig nou namens my die oproep om fondse vir die 'Defence and Aid Fund' en ek is bly om te kan sê dat daar weereens n toenemende reaksie is. Ons sal sekerlik alles in ons vermoë doen om te bly help totdat die bevrydingsbeweging in sy doel geslaag het."

Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika is gestig om die werksaamhede van die "Treason Trial Defence Fund" oor te neem en uit te bou. Laasgenoemde Fonds is oorspronklik in die lewe geroep om die regskoste te dra van n groep persone wat op aanklagte van hoogverraad verskyn het. Dié Fonds is omtrent op dieselfde tydstip gestig toe "Christian Action" met die "Defence and Aid Fund" in Brittanje begin het.

Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika het as doelstelling om onderstand en hulp te verleen aan persone wat sou ly as gevolg van vermeende verlies van menseregte of burgerlike vryhede, of dit by wyse van regsprosesse of andersins geskied. Die Fonds het takke in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban. Gewese Hoofman Albert Luthuli en mnr. Alan Paton is onder die beskermhere.

Die grondwet van die Suid-Afrikaanse organisasie probeer die indruk wek dat dit n onafhanklike liggaan is; nogtans is daar afdoende getuienis om te bewys dat dit niks meer is as n tak van die "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" nie. Aan die Suid-Afrikaanse tak is byvoorbeeld opdrag gegee om te reël dat alle fondse wat oorsees ingesamel word deur die Londense kantoor gekanaliseer moet word. Volgens n "Defence and Aid"-

3/...

verslag vir die jare 1956-63 is n bedrag van R502,647 vir aanwending in Suid-Afrika ingesamel.

In die uitgawe van die publikasie "Christian Action" wat in die somer van 1964 verskyn het, lewer Aartsbiskop Joost de Blank n oorsig van die bedrywighede van die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika en merk op: "Dit is onmoontlik om te hoë lof toe te swaai aan die plaaslike komitee in Suid-Afrika."

Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika is verbind met die Kommunistiese Party.

( In n beëdigde verklaring wat hy op 1 Oktober 1964 afgelê het, het n lid van die Kommunistiese Party verklaar: Die 'Defence and Aid Fund' wat in hierdie stadium reeds bestaan het, is op uitgebreide skaal vir die doeleindes van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party gebruik. Op sy beurt het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party kontantvoorskotte aan die Fonds oorgemaak. Ek weet nie wie die persone was wat op die Fonds se komitee gedien het nie, afgesien daarvan dat Rica Hodgson wat inderdaad n lid van die Kommunistiese Party was, op die komitee van hierdie Fonds was. "

n Persoon wat uit eie erkenning lid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is, het in Augustus 1964 beheer oor die fondse van die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika oorgeneem. Sedertdien is net n klein deeltjie van hierdie fondse werklik ten behoeve van afhanklikes van gevangenes aangewend. Die grootste porsie is vir die politieke bedrywighede van die verbode "African National Congress" en die Kommunistiese Party gebruik. Salarisse van amptenare van die Kommunistiese Party is ook uit hierdie fondse gedek. )

Die "Defence and Aid Fund" strewende daarna om sosiale, ekonomiese en politieke verandering in die Republiek van Suid-Afrika te bewerkstellig, selfs ten koste van die gebruik van geweld as middel om dié doel te bereik.

In n toespraak voor die Verenigde Volke se Spesiale Komitee oor die beleid van Apartheid op 7 Junie 1965 het Domheer Collins, Voorsitter van die "Defence and Aid Fund" die Verenigde Volke geprys omrede van die aanmoediging wat dit verskaf aan die "slagoffers van rassistiese beleide" en aan organisasies soos die "Defence and Aid Fund" in hul pogings om "verligting aan onderdrukte te gee en om veranderinge in beleid te weeg te bring". (V.V.-dokument A/AC 115/L 132 van 9 Junie 1965).

"Ek glo dat dit verkeerd sal wees om te veronderstel dat die werk wat die 'Defence and Aid Fund' doen niks meer as noodhulp is nie," het hy gesê. "Ek dink dat, by die hulp wat dit verleen aan die vervolgte slagoffers van onregverdige wetgewing en onderdrukkende en arbitrêre praktyke en die onderstand aan hul gesinne en afhanklikes - en daardie deegliklonende werk wat ons nou al jarelank doen en sal aanhou doen totdat die nie-blankes in Suid-Afrika politiek, sosiaal en ekonomies vrye manne en vroue is - die 'Defence and Aid Fund' n lewensbelangrike rol vervul het, en bly vervul, om daardie politieke veranderinge te weeg te bring wat alle goedwillige mense begeer."

In dieselfde toespraak het Domheer Collins verklaar dat daar min, indien enige, waarskynlikheid is dat die politieke veranderinge wat nodig is, bewerkstellig kan word deur normale en demokratiese huishoudelike prosesse.

"In so n toestand," het hy gesê, "lyk dit moontlik dat die verlangde resultaat alleen teweeggebring sal word deur druk van buite en die dreigement om n binnelandse rewolusie op tou te sit. Na my mening is dit n feit van groot belang dat die bydrae van 'Defence and Aid' in hierdie opsig die Moraal van die binnelandse weerstand bevorder."

Domheer Collins het ten slotte verklaar dat hy in hierdie sienswyse gesterk word deur die nadruk wat nie-blanke politieke organisasies in Suid-Afrika steeds plaas op die belangrikheid van die "Defence and Aid Fund" in hul stryd.

Voetnota.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme kan die Staatspresident slegs n organisasie onwettig verklaar nadat die Minister van Justisie n feiteverslag in verband met so n organisasie oorweeg het. Die verslag moet opgestel word deur n komitee van drie persone wat deur die Minister aangestel is. Een van die komiteelede moet n landdros wees met minstens die rang van senior landdros.

Uitgereik deur:

Departement van Inligting,  
Privaatsak 152,  
PRETORIA.

18 Maart 1966.

## BYLAAG

### I. Inleiding

'n Onderzoek na die ontstaan, oogmerke en aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse organisasie, bekend as The Defence and Aid Fund, kan alleenlik geskied aan die hand van 'n ontleding van die Britse organisasie bekend as Christian Action. Alvorens daar tot sodanige ontleding oorgegaan word, is 'n kort oorsig oor drie ander Britse organisasies, die Movement for Colonial Freedom (M.C.F.), die Anti-Apartheid Movement (A.A.M.) en die Africa Bureau noodsaaklik.

### II. The Movement for Colonial Freedom.

Die organisasie is op 12 Maart 1954 in die lewe geroep. In sy eerste beleidsverklaring is o.a. soos volg verklaar:

"Most of the Colonial Peoples have lost confidence in Britain. Millions of them are denied political rights and are left in poverty and disease. They are landless, ill-housed, ill-clothed. Their children go hungry; they are denied education. They are sacrificed to the interests of white settlers and foreign investors."

Dan word verder verklaar dat die M.C.F. "must create a psychological revolution throughout the colonies."

Die volgende persone is o.a. lede van die Nasionale Uitvoerende Komitee:

- (a) Fenner Brockway - Voorsitter.
- (b) Julius Silverman - Ondervoorsitter. Hy is 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die Society for Cultural Relations with the U.S.S.R.

/...



- (c) Johnny James. Hy was vroeër lid van die Britse Kommunistiese Party. Tans is hy 'n aktiewe lid van die Committee for the Defeat of Revisionism, 'n organisasie "adopting the Peking line."
- (d) Jack Woddis. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Britse Kommunistiese Party en dié Party se deskundige op die gebied van Afrika aangeleenthede.

Christian Action het gedurende 1954 met die M.C.F. geaffilieer. Op sy beurt is die M.C.F. weer geaffilieer met die World Council for Colonial Liberation en die International Council for Social and Economic Co-operation.

### III. The Anti-Apartheid Movement.

Dié organisasie is in 1960 met die volgende oogmerke gestig:

- (a) to inform the people of Britain and elsewhere about apartheid and what it means to the people of South Africa;
- (b) to campaign for international action to help bring the system of apartheid to an end;
- (c) to co-operate with and support South African organizations campaigning against apartheid."

Die A.A.M. werk in noue samewerking met die M.C.F. en Christian Action. Gedurende 1963 het die A.A.M. 'n hulp-organisasie, die World Campaign for the Release of South African Political Prisoners, in die lewe geroep. Laasgenoemde organisasie geniet die steun van die nuusblad The African Communist. Die fondse wat deur dié liggaam ingesamel word, gaan na die Defence and Aid Fund van

Christian Action. Die volgende persone is o.a. tydens die stigting van die hulporganisasie tot komiteelede verkies:

- (a) Roselynde Ainslie, 'n lid van die Britse Kommunistiese Party.
- (b) Leon Levy, 'n voormalige president van die South African Congress of Trade Unions (S.A.C.T.U.). Dié organisasie is geaffilieer met die World Federation of Trade Unions (W.F.T.U.), 'n internasionale kommunistiese frontorganisasie.
- (c) Sonia Bunting, 'n Suid-Afrikaner wat ingevolge die bepalinge van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 as lid van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika gelys is.

IV. Die M.C.F. en A.A.M. geniet albei die steun van die Britse Kommunistiese Party.

In 'n artikel in die nuusblad The African Communist, Vol. 2, No. 4 July-September, 1963 verklaar John Gollan, algemene sekretaris van die Britse Communist Party soos volg:

"Our Party which ever since its birth has consistently fought against the oppression of the African peoples, and which at its recent 28th Congress adopted a special Emergency Resolution in solidarity with the struggle of the people of South Africa, will do everything possible to arouse the people of Britain to redouble their efforts in support of the call for 'No British arms for South Africa'. We will give full support to the efforts of the Anti-Apartheid organization, The Movement for Colonial Freedom, and all other bodies campaigning for this aim and against colonialism and racial discrimination."

/...

V. Die Africa Bureau.

Hierdie organisasie is gedurende Maart 1952 gestig. Twee van die stigterslede was eerw. Michael Scoot en Colin Legum. Eerw. Michael Scott is die Direkteur van die organisasie. Hy was 'n lid van die Kommunistiese Party. Tydens sy verblyf in Suid-Afrika was hy in verbinding met die plaaslike Kommunistiese Party. Hy was verantwoordelik vir die verfilming van die rolprent "Civilization on Trial", waarvan die inkomste ter stywing van die fondse van die Defence and Aid Fund van Christian Action aangewend is.

